| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: CA&R 34/2013
Saak Aangehoor: 28/10/2013
Datum gelewer: 01/11/2013

In die saak tussen:

Fumani Elias Maluleka Appellant

en

Die Staat Respondent

Coram: Williams R et Olivier R

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

[1]. Die appellant, mnr Fumani Elias Maluleka, is in die Streekhof skuldig bevind aan moord en aanranding met die opset om ernstig te beseer en is 15 jaar gevangenisstraf opgelê op die twee aanklagte tesame. Hy kom met verlof van daardie hof in hoër beroep teen die skuldigbevindings sowel as die vonnis.

[2]. Die appél teen die skuldigbevindings is basies gerig teen die feite- en geloofwaardigheidsbevindinge van die streeklanddros en dit is geykte reg dat 'n hof van appél nie ligtelik daarmee sal inmeng nie.

[3]. Dit was gemenesaak, of minstens nie wesenlik in dispuut nie, dat daar die betrokke nag 'n insident plaasgevind het tussen mnr S M

Sebale ( ook bekend as Speaks ) en, ondermeer, die oorledene mnr Clement Mabote ( ook bekend as Thabang). Dit het blykbaar gegaan oor 'n meisie. Sebale het in die insident onder andere 'n besering aan sy kop opgedoen wat gebloei het.

[4]. Dit was in daardie toestand wat sy vriend, mnr Peace Selebogo, vir Sebale by sy huis aangetref het, nadat laasgemelde vir Selebogo gebel het waar hy by 'n taverne gekuier het.

[5]. Me Lele Letse, die meisie van Selebogo, het ook daar opgedaag en sy het vir Sebale gehelp om die bloed van sy kop af te was, waar hy buite sy huis gesit het.

[6]. Die oorledene was buite die betrokke perseel. Hy het gevloek en vir Sebale uitgedaag om uit die perseel te kom en met hom te baklei.

[7]. Letse het iemand gestuur om die oorledene se moeder, me M F Mabote, te gaan roep. Die moeder het opgedaag en met die oorledene gepraat om hom te kalmeer. Op haar en Letse se weergawes het sy ook daarin geslaag.

[8]. Selebogo is terug na die taverne en het toe na die toneel teruggekeer in 'n bakkie, bestuur deur mnr Matumi, en ook vergesel van die appellant en twee ander persone.

[9]. Die oorledene het toe ondermeer 'n steekwond in die bors opgedoen waaraan hy, nadat hy daarna na sy ouerhuis gehardloop het, beswyk het.

[10]. Afgesien van Dr Surtie wat getuig het oor sy bevindinge by die geregtelike lykskouing op die liggaam van die oorledene, het Mabote, Letse en Selebogo namens die vervolging getuig. Die appellant het in sy saak getuig, en so ook Sebale.

[11]. Die saak vir die vervolging is basies dat die appellant die ongewapende oorledene met 'n mes aangeval het en hom die gemelde wond toegedien het. Verder was die vervolging se saak dat, toe die appellant probeer het om die oorledene verder met die mes te steek, hy vir Mabote raakgesteek het op 'n stadium toe die oorledene om haar gevlug het en probeer wegkom het van die appellant; vandaar die aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer.

[12]. Afgesien hiervan was Letse se getuienis dat die appellant haar ook 'n besering met die mes toegedien het, skynbaar in die skouer.

[13]. Die appellant se weergawe was dat die oorledene hom met 'n mes aangeval het. Hy het die oorledene se hand vasgegryp. Daar het toe 'n stoeiery tussen hulle twee plaasgevind, waartydens hulle heen en weer beweeg het. Uiteindelik het hulle op die grond geval. Beide van hulle het toe opgestaan en in verskillende rigtings weggehardloop. Die appellant het ontken dat hy die oorledene of enigiemand anders met 'n mes gesteek het. Hy het volgens hom nie geweet of die oorledene dalk die fatale wond opgedoen het toe hulle gestoei en geval het nie.

[14]. Dit is ewe geyk dat die appellant geen bewyslas gedra het nie. Die enigste vraag was of sy weergawe redelik moontlik waar was.

[15]. Die oorledene se moeder was die enigste staatsgetuie wat aangevoer het dat sy die gebeure tussen die oorledene en die appellant gesien het. Letse se getuienis was dat, alhoewel sy in die onmiddellike omgewing van die oorledene en die appellant daar buite die perseel was, sy op daardie stadium besig was om te kyk na 'n bakleiery tussen twee vrouens, skynbaar op dieselfde toneel. Selebogo se getuienis, op sy beurt, was dat hy vir Sebale na die bakkie geneem het om hom hospitaal toe te vat. Terwyl hy toe besig was om die twee bakleiende vrouens uitmekaar te maak, het hy gehoor dat Letse roep dat die appellant hulle met 'n mes gesteek het. Hy het toe net gesien hoe die appellant en die oorledene weghardloop.

[16]. Aan die kant van die verdediging was dit ook slegs die appellant wat getuig het oor wat tussen hom en die oorledene gebeur het. Sebale se getuienis was dat sy kop op daardie stadium onder 'n handdoek was wat Letse daaroor geplaas het.

[17]. Die moeder van die oorledene se getuienis is op die oog af moeilik versoenbaar met die bevindinge by die lykskouing. Volgens haar het die appellant die oorledene twee keer op sy bors gesteek en nooit op sy rug nie. Daar was egter slegs een steekwond op die

oorledene se bors, en daar was wel ‘n snywond van ongeveer 12 mm omtrent in die middel van die oorledene se rug.

[18]. Onder kruisverhoor was Mabote se verklaring vir die enkele steekwond op die bors van die oorledene dat sy vermoed het dat altwee steekhoue na die bors dieselfde plek mag getref het en sodoende net een wond veroorsaak het. Dr Surtie is ongelukkig nooit uitgevra oor die moontlikheid of waarskynlikheid hiervan nie. Ek moet sê dat dit met so ‘n bewegende toneel nie baie waarskynlik klink nie.

[19]. Op Mabote se getuienis is daar geen verklaring vir die snywond aan die oorledene se rug nie. Dr Surtie is nie, byvoorbeeld, uitgevra oor die moontlikheid of die waarskynlikheid dat die wond op die rug veroorsaak is deur dieselfde wapen wat die wond op die bors veroorsaak het nie. Daar is ook nie getuienis oor die diepte van die betrokke wond nie.

[20]. Van belang is egter dat Dr Surtie die wond op die rug beskryf het as ‘n klein snywond. Alhoewel dit nie pertinent asulks voorgehou is nie, mag daar ‘n verklaring vir hierdie wond wees, dit wil sê anders as dat dit ook deur die appellant en met ‘n mes toegedien is.

[21]. Letse se getuienis was dat Matumi die oorledene teen die heining van die perseel vasgedruk het. Volgens haar het die oorledene agtertoe teen die heining geleun.

[22]. Sebale se getuienis was dat hy, in die aanval deur die oorledene en andere, geretireer het en toe "*stabbed*" of "*pricked*" is deur 'n heining. Toe hy daarin geslaag het om van die heining weg te kom, is hy volgens hom in sy erf in. Dit kom dus voor ook die heining van sy erf te gewees het waarna hy verwys het.

[23]. Die vraag is of die oorledene nie dalk die besering aan sy rug opgedoen het toe hy op sy beurt met sy rug teen dieselfde heining vasgedruk is nie.

[24]. Die feit dat Mabote nie 'n steekhou gesien het na die rug van die oorledene nie, terwyl daar wel 'n snywond is, is dus nie noodwendig 'n aanduiding dat haar weergawe ongeloofwaardig was nie.

[25]. Inteendeel, op die appellant se eie weergawe is dit ook uiters onwaarskynlik dat die oorledene in die stoeiery en val nie alleen 'n steekwond in die bors opgedoen het nie, maar ook 'n snywond op sy rug. Daar is geen suggestie hoegenaamd dat enigiemand anders die oorledene enige van daardie twee beserings met 'n mes toegedien het nie.

[26]. Wat betref die feit dat Mabote twee steekhoue na die bors van die oorledene gesien het, moet in gedagte gehou word dat dit redelik donker was en dat dit volgens haar baie vinnig gebeur het. Ek meen dit is byvoorbeeld net so moontlik dat een steekhou nie getref het nie. Ek sien nie hierdie as aanduidend van ongeloofwaardigheid aan haar kant nie.

[27]. Aan die anderkant het Dr Surtie toegegee dat die steekwond op die bors van die oorledene wel opgedoen kon gewees het tydens 'n stoeiery en 'n val soos beskryf deur die appellant. Bloot hierop genome, en bloot medies gesproke, sou die appellant se weergawe dus redelik moontlik waar wees. Daar sal egter later gehandel word met die appellant se getuienis, veral onder kruisverhoor, in hierdie verband.

[28]. Die vraag is dan of dit redelik moontlik is dat die oorledene met 'n mes gewapen kon gewees het.

[29]. Sy moeder het ontken dat hy 'n mes gehad het en ook dat hy ooit tevore 'n mes in sy besit gehad het.

[30]. Volgens Letse het die oorledene op die oog af geen wapen in sy besit gehad toe hy daar buite die perseel op Sebale staan en skel het nie. Dit sou egter nie die moontlikheid uitsluit dat die oorledene later, toe hy deur die appellant genader is, 'n mes uit sy sak kon gehaal het nie; soos wat die appellant getuig het.

[31]. Op die weergawes van Selebogo en Letse sou Sebale vir Letse vertel het dat die oorledene hom met 'n klip gegooi het.

[32]. Op beide Selebogo en Letse se weergawes sou Sebale om die een of ander rede hierdie mededeling nie aan Selebogo wou maak nie, maar het hy dit tog wel vir Letse vertel.

[33]. Volgens Selebogo se verklaring sou hy vir die polisie gesê het dat Sebale hom meegedeel het dat "*so 'n ander laaitie het hom toe geslaan en gesteek*". Hierdie sou in twee opsigte strydig wees met Selebogo se getuienis, naamlik indien eerstens in dié sin dat Sebale hom wel vertel het wat gebeur het en tweedens dat Sebale inderdaad ook wel vertel het dat hy gesteek is, en nie dat hy met 'n klip gegooi is nie.

[34]. Selebogo se eerste reaksie toe hy hiermee gekonfronteer is, was dat hy dit inderdaad vir die polisie gesê het. Later in kruisverhoor het hy egter teruggekeer na die posisie dat Sebale hom niks gesê het nie en dat Sebale volgens Letse se mededeling bloot vir haar gesê het dat hy met 'n klip geslaan is.

[35]. Die streeklanddros het hierdie afgemaak op die basis dat die verklaring nie afgeneem is in Selebogo se moedertaal nie en dat polisieverklarings nie so gedetaileerd is soos getuienis in 'n hof nie.

[36]. Hierin het die streeklanddros na my oordeel fouteer. Eerstens is oënskynlik uit die oog verloor dat die inhoud van die verklaring voor die verhoor nie alleen weer deur die aanklaer aan die getuie voorgelees is nie, maar ook daarna in sy moedertaal aan hom verduidelik is. Hy was tevrede dat dit korrek was.

[37]. Tweedens het dit nie hier gegaan oor die afwesigheid van detail nie. Dit het hier gegaan oor strydige detail.

[38]. Derdens het die streeklanddros vermoedelik uit die oog verloor die getuienis van Sebale self dat hy wel met 'n mes gesteek is en dat hy dit so oorgedra het aan beide Letse en Selebogo. Dit sou inpas by die inhoud van Selebogo se verklaring. Hierdie getuienis van Sebale is glad nie deur die aanklaer aangeval in kruisverhoor nie. Die streeklanddros het nie Sebale se getuienis in die uitspraak bespreek nie, en dit is beslis ook nie verwerp nie.

[39]. Vierdens het die streeklanddros ook nie gehandel met die onwaarskynlikheid daarvan dat Sebale aangeval en beseer word, en dan vir Selebogo vra om hulp te kry, maar dan weier om vir Selebogo te vertel wat gebeur het nie. Tog vertel hy dan toe volgens Letse vir haar. Wat sou die rede vir sulke vreemde optrede gewees het? Ook hieroor is Sebale nooit gekruisverhoor deur die aanklaer nie.

[40]. Hierdie tipe getuienis van staatsweë sou nie naastenby genoeg gewees het om die redelike moontlikheid uit te sluit dat die oorledene met 'n mes gewapen kon gewees het nie.

[41]. Aan die ander kant sou die inhoud van Selebogo se verklaring ook nie kon dien as bewys dat die oorledene inderdaad wel 'n mes in sy besit gehad het nie.

[42]. Ek vind dit egter baie onwaarskynlik dat die oorledene so uitdagend sou opgetree het buite die perseel indien hy ongewapen was.

[43]. Selfs al sou egter aanvaar word dat die oorledene wel in besit van 'n mes was, sou dit nie opsigself beteken dat hy die mes ook uit sy sak gehaal het en die appellant daarmee aangeval het nie.

[44]. Selfs toe die oorledene deur Matumi teen die heining vasgedruk is, het hy op Letse se getuienis die mes dan nie tevoorskyn gebring nie. Inteendeel, die onbetwiste getuienis van staatsweë is dat die oorledene op daardie stadium bedaar het en die toneel wou verlaat. Wat sou dan gemaak het dat die oorledene wel die mes uit sy sak gehaal het toe hy deur die appellant genader is, en dat hy toe die beweerdelik ongewapende appellant daarmee sou aangeval het?

[45]. Volgens die appellant het hy bloot die oorledene genader om hom te vra om te gaan, sodat hulle Selebogo veilig by die perseel kon uitneem om hom hospitaal toe te neem.

[46]. Dit is vreemd dat Selebogo tevrede sou wees dat hulle hom hospitaal toe neem, as hy kort tevore juis nie wou hê dat 'n ambulans vir hierdie doeleindes gereël word nie. Dit net terloops.

[47]. Letse se getuienis dat Matumi, saam met wie die appellant in die bakkie gery het na die toneel, juis die oorledene teen die heining vasgedruk het om te verhoed dat hy weggaan, is nie betwis nie. Afgesien daarvan dat die appellant se beweerde begeerte dat die oorledene moes weggaan nie met hierdie optrede van Matumi sou rym nie, kon die oorledene in elk geval ook nie onder daardie

omstandighede juis meer ‘n probleem gewees het as hulle Selebogo by die erf wou uitneem nie.

[48]. Selebogo self was nie te bekommerd daaroor nie, want hy het vir Sebale eenvoudig uitgeneem. Hy het nie, byvoorbeeld, gewag dat die appellant eers ‘n plan maak met die oorledene nie.

[49]. Vyf van hulle het opgedaag om bloot vir Sebale hospitaal toe te neem. Afgesien daarvan dat dit onduidelik is hoekom soveel van hulle daarvoor nodig was, kon die oorledene alleen tog nie vir hulle plan ‘n struikelblok gewees het nie.

[50]. Ek vind die appellant se verduideliking vir hoe hy buite die perseel by die oorledene beland het, dus uiters onwaarskynlik.

[51]. Wat betref die geloofwaardigheid van die suggestie [1] dat die oorledene die fatale wond kon opgedoen het tydens die stoeiery of die val, meen ek dat mnr Hollander, die advokaat vir die respondent, korrek was in sy submissie dat die appellant sy weergawe in hierdie verband aangepas het. Afgesien van verskille oor of dit een of beide hande van die oorledene was wat hy sou vasgegryp het, was die stellings aan Mabote en die appellant se getuienis in hoofverhoor ook bloot tot die effek dat hy en die oorledene gestoei het, dat hulle geval het en dat hy (die appellant) toe weggehardloop het.

---

[1] Want die appellant se getuienis in hierdie verband kan as niks meer as dit bestempel word nie.

[52]. In sy getuienis in kruisverhoor, en nadat dit geblyk het dat die appellant se weergawe daarop neergekom het dat hy en die oorledene langs mekaar op hulle sye te lande gekom het met die val, het die appellant vir die eerste keer beweer dat hy toe, voordat hy opgestaan het en gevlug het, die oorledene se hande teruggedruk het. Indien hulle so geval het, bloot langs en frontende na mekaar (en nie byvoorbeeld die een op die ander nie) en terwyl die oorledene se meshand deurgaans steeds bloot vasgehou is, sou so 'n diep penetrerende wond hoog op die bors moeilik so verduidelik kon word. Die aksie van die wegdruk van die hand/e waarin die mes deur die oorledene vasgehou is, met ander woorde weg van die appellant na die oorledene, sou moontlik meer geredelik 'n per abuis toediening van die wond kon verduidelik; en vandaar na my oordeel die aanpassing. Volgens dr Surtie sou 'n redelike hoeveelheid geweld nodig gewees het om hierdie wond toe te dien.

[53]. Dan is daar die beserings aan Mabote en Letse. Dit is so dat Mabote eers twee dae later 'n dokter gaan spreek het. Die feit is egter dat die dokter 'n laserasie aangetref het op haar voorarm en dus op die plek waar sy getuig het die appellant haar raakgesteek het. Dat die dokter se gevolgtrekking in die verslag, aangeteken is as "*common assault*" beteken hoegenaamd nie dat die wond nie twee dae tevore met 'n mes veroorsaak kon gewees het nie.

[54]. Hoewel Letse se getuienis onduidelik was met betrekking tot of dit 'n doelbewuste steekhou was wat haar getref het, is dit onbetwis dat sy onmiddellik daar, en as 'n deel van die gebeure wat die onderwerp was van haar uitlating, aan Selebogo 'n besering getoon het.

[55]. Dat Selebogo die betrokke besering as 'n "*scratch*" beskryf het, doen hieraan geen afbreuk nie. Dit militeer nie teen Letse se getuienis dat die wond deur die appellant se mes veroorsaak is nie.

[56]. Dat Letse nie na aanleiding daarvan 'n klagte teen die appellant aanhangig gemaak het nie, beteken ook glad nie dat dit nie gebeur het nie.

[57]. Op die appellant se weergawe is daar geen ruimte vir beserings wat hetsy Mabote of Letse tydens die voorval kon opgedoen het nie.

[58]. Die suggestie namens die appellant dat hulle daardie beserings kon opgedoen het toe hulle naby 'n stoeiery was tussen mense met 'n mes, is blatante spekulasie. Daar is nie van staatsweë getuienis dat hulle naby so 'n stoeiery was nie en die appellant het ook nie van sy kant ooit gesuggereer dat nie alleen die oorledene nie, maar ook twee ander persone, dalk in die beweerde stoeiery tussen hom en die oorledene beseer kon gewees het nie.

[59]. Alles inaggenome, en wanneer die benadering van 'n hof van appél ten aansien van feite- en geloofwaardigheidsbevindinge in gedagte

gehou word, meen ek dat hier nie ruimte is vir inmenging met die streeklanddros se bevindinge in hierdie verband nie.

[60]. Ek meen ook nie dat daar, soos aangevoer namens die appellant, 'n nadelige afleiding teen die vervolging gemaak moet word vir die feit dat Matumi se getuienis nie aangebied is nie. Dit is so dat, volgens Mabote se getuienis, Matumi die aanval van die appellant op die oorledene sou gesien het. Matumi is by sluiting van die staatsaak as getuie beskikbaar gestel aan die verdediging. Dit is so dat daar geen bewyslas op die appellant gerus het nie, maar ek kan nie sien hoe die appellant kan verwag dat, indien hy self die getuie kon geroep het en verkies het om nie so te doen nie, daar nou gespekuleer moet word dat die getuie se getuienis strydig sou gewees het met die vervolging se saak[2].

[61]. Mnr Nel, die advokaat vir die appellant, het ook aangevoer dat die streeklanddros in hierdie geval 'n plig gehad het, ingevolge die bepalings van artikel 186 van die Strafproseswet, om Matumi as getuie te roep toe nie een van die partye dit gedoen het nie. Ek kan nie hiermee saamstem nie. Matumi is tog tot die streeklanddros se kennis tot die beskikking gestel van die verdediging, wat toe net soos die aanklaer besluit het om hom nie te roep nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat Mabote, net soos ten aansien van Matumi, onder die indruk was dat Letse die aanval op die oorledene gesien het. Dit het egter uit die getuienis van Letse geblyk nie die

[2] Vergelyk **S v Motsepa en 'n Ander** 1991 (2) SACR 462 (A) op 468I-469B; **S v Teixeira** 1980 (3) SA 755 (AD) op 763G-764B

geval te gewees het nie. Dit was in elk geval nie asof daar geen getuienis van staatsweë was oor die aanval en asof Matumi die enigste persoon sou wees wat daaroor sou kon getuig nie. Die getuienis van Mabote was daar. Die blote feit dat daar slegs haar getuienis van die kant van die vervolging was, kon tog nie so 'n plig op die streeklanddros gelê het nie. Die verdediging het ook nooit die streeklanddros versoek om vir Matumi te roep nie[3]. Dit sou dit moontlik gemaak het om dan vir Matumi te kruisverhoor oor enige gedeelte van sy getuienis wat na verwagting vir die appellant ongunstig kon wees.

[62]. Wat die vonnis betref, is dit eweneens geykte reg dat 'n hof van appél slegs sal inmeng indien dit skokkend onvanpas is of indien daar 'n wesenlike mistasting begaan is in die oorweging daarvan; nie bloot omdat die hof van appél nie self die betrokke vonnis sou opgelê het nie.

[63]. Die streeklanddros het bevind, wat die moord betref, dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede was wat 'n afwyking sou regverdig van die voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf nie.

[64]. Dit sou vanselfsprekend moreel afkeuringswaardig wees dat die appellant die oorledene aangeval en gedood het in omstandighede waar die oorledene vir hom geen bedreiging ingehou het nie en

[3] **Hiemstra's Criminal Procedure**, Kruger, 23-15

oënskynlik in reaksie op die feit dat die oorledene vroeër die appellant se vriend Sebale beseer het.

[65]. Daarteenoor is daar geen getuienis dat dit 'n beplande aanval van die kant van die appellant was nie.

[66]. Dat die oorledene steeds daar was en die beseerde vriend van die appellant gevloek het en uitgedaag het, sou heel waarskynlik die appellant geprovokeer het. Dit het duidelik die ander vriend van Sebale, Matumi, geprovokeer.

[67]. Dit moet hiermee saam nie uit die oog verloor word nie dat die appellant en die ander vriende van Sebale by 'n taverne gekuier het toe hulle van die aanval op Sebale verneem het en na hom is.

[68]. Die appellant het op die ouderdom van 31 jaar nog nooit voorheen enige misdaad gepleeg nie. Dit, tesame met sy uiters gunstige persoonlike omstandighede – veral met verwysing na sy bestendige werksgeskiedenis, is na my oordeel sterk aanduidend van die rehabiliteerbaarheid van die appellant.

[69]. Daar is oënskynlik bevind dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie. Dit word gereeld as versagtende faktor in aanmerking geneem[4].

[70]. Na my oordeel sou 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf op die aanklag van moord wel 'n ongeregtigheid daarstel in hierdie

[4] **S v Radebe** 2011 JDR 0926 (FB) para [63]

omstandighede en het die streeklanddros fouteer deur nie op grond van die voormelde faktore te bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede was wat 'n mindere vonnis regverdig het nie.

[71]. Dit bring mee dat hierdie hof opnuut vonnis kan oorweeg. Ek meen dat die toediening van die besering van die oorledene se moeder tot so 'n mate deel was van die gebeure tussen die appellant en die oorledene dat die twee aanklagte steeds saamgeneem behoort te word vir doeleindes van vonnis.

[72]. Ek is verder van oordeel dat dit, gegewe die appellant se uiters gunstige persoonlike omstandighede en sy duidelike rehabiliteerbaarheid, gepas sal wees om 'n gedeelte van die vonnis op te skort en om so aan die appellant die geleentheid te bied om gedeeltelik buite gevangenisverband te rehabiliteer.

[73]. Geen ander vonnis as een van direkte gevangenisstraf sal egter gepas wees nie, nieteenstaande die ooglopende nadeel wat dit gaan inhou vir die appellant se vrou en kinders, en selfs ook vir sy suster, wie se kollegegelde hy goedgunstiglik betaal.

[74]. In die omstandighede word die volgende bevele gemaak:

1. **Die appél teen die skuldigbevindings word afgewys en beide skuldigbevindings word bekragtig.**

2. **Die appél teen die vonnis slaag en dit word tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:**

   **"12 jaar gevangenisstraf op beide aanklagte saamgeneem, waarvan 4 jaar voorwaardelik opgeskort word vir 'n periode van 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n misdryf waarvan aanranding op die persoon van 'n ander 'n element is, waarvoor die beskuldigde gevonnis word tot onopgeskorte gevangenisstraf van meer as 1 jaar sonder die keuse van 'n boete en wat gepleeg is gedurende die opskortingstermyn nie."**

3. **Die voormelde vonnis word teruggedateer tot 28 Mei 2013.**

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

______________________

**C C WILLIAMS**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Namens Appellant: Adv I J Nel, in opdrag van Towell & Groenewaldt Prokureurs, Kimberley.**
**Nms Respondent: Adv Q H Hollander, Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Kimberley.**